2018/19

# Reglement D

# Regulation D

# Jukskei SA

## SPELERS MET GESTREMDHEDE

## PLAYERS WITH DISSABILITIES

## INHOUD / INDEX


| NR | ARTIKELBESKRYWING | ARTICLE DESCRIPTION | P |
|---|---|---|---|
| 1 | VOORWOORD | PREAMBLE | 3 |
| | | | |
| 2 | ROLSTOEL GEBONDE SPELERS | WHEELCHAIR BOUND (SCI) PLAYERS | 3 |
| | | | |
| 3 | AFSTANDE PER KATGORIE VAN SPELER | DISTANCES FOR CATEGORIES OF PLAYERS | 3 |
| | | | |
| 4 | AMPUTASIES | AMPUTATIONS | 4 |
| | | | |
| 5 | GESIGGESTREMDHEID | VISUALLY IMPAIRED | 4 |
| | | | |
| 6 | SEREBRAALVERLAMMING | CEREBRAL PALSY | 4 |
| | | | |
| 7 | BAAN | PITCH | 4 |
| | | | |
| 8 | SAMESTELLING VAN SPAN | TEAM COMPOSITION | 5 |
| | | | |
| 9 | TELLING | SCORING | 5 |
| | | | |
| 10 | TYDSDUUR VAN SKOFTE | DURATION FOR SETS | 5 |
| | | | |
| 11 | WYSIGINGS | AMENDMENTS | 5 |
| | | | |

| 1 | VOORWOORD | PREAMBLE |
|---|---|---|
| | a) Die Reëls vir persone met gestremdheid stel die standaard vir alle gestremde persone binne Jukskei SA. | a) This Rules for Physical Impaired outlines the standard for all physical impaired members of Jukskei SA. |
| | b) Die stel reëls is aanvullend tot die Speelreëls van Jukskei SA. | b) This set of rules is complementary to the Rules of Play of Jukskei SA. |
| | c) Die reëls word aangepas vir spelers met gestremdhede wat sal toegewings kry wat bepaal sal word volgens die klassifikasie wat deur 'n paneel en mediese verslae beoordeel sal word. | c) The rules are adjusted for players with disabilities and will get concession which will be determined according to the classification made by a panel and medical reports. |
| | d) Die gewig van skeie, die afstand en afdeling van deelname. Aangesien die spelers oor 'n korter afstand gooi sal die persoon nie in die A1-afdeling in 'n Nasionale Kampioenskappe kan deelneem nie. | d) The respective weight, distance and division of participation. Since the players have a shorter throw distance, the person cannot participate in the A1 division in a National Championship. |
| | e) Indien die speler in die A1-afdeling wil deelneem sal die gewone speelreëls egter geld. | e) If the player chooses to participate in the A1 division, the normal playing rules will apply. |
| | | |
| **2** | **ROLSTOELSPELERS** | **WHEELCHAIR BOUND (SCI) PLAYER** |
| | a) Die gebruik van een **sandput ipv twee** word aanbeveel om die veld vir alledaagse stoele voor te berei. | a) The use of only **one sandpit instead of two** is recommended in order to set up the field for 'everyday' chairs. |
| | b) Die minimum gewig van 'n skei is 1.1 kg en die maksimum is 1.8 kg. | b) The minimum weight for a skey is 1.1 kg and the maximum is 1.8 kg. |
| | c) Elke speler sal 'n skeigewig kies waarmee hy/sy gemaklik is. | c) Each player should select a skey with which he/she feels comfortable. |
| | d) Die keuse van 'n 'veldstoel' in teenstelling met 'n alledaagse stoel is dat laasgenoemde soort stoel dalk te laag is om voorsiening te maak vir die vrylike swaai van die skei langs die lyf en beweging van die gooiarm. | d) The choice of a **field chair** as opposed to an 'everyday' chair is that the latter might be too low to allow a free swinging movement of the arm to throw the skey. |
| | e) Die veldstoel (75 cm hoog) is 'n basiese stoel platform vanwaar die gooi plaasvind, terwyl sittende. | e) The field chair (75 cm high) is a basic chair platform from which the throw takes place while maintaining a sitting position. |
| | f) Handvatsels, voetruste en ander aanpassings word gemaak om aan elke individu se behoeftes te voorsien. | f) Handles, footrests and various adaptations are made to meet each individual's needs. |
| | | |
| **3** | **AFSTANDE PER KATEGORIE VAN SPELERS** | **DISTANCES FOR CATEGORIES OF PLAYERS** |

| Kategorie Categories | <16 Jaar/Years | | >16 – 20 Jaar/Years | | Seniors > 20 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik Male | Vroulik Female | Manlik Male | Vroulik Female | Manlik Male | Vroulik Female |
| F51 – F52 | 5m | 4m | 6m | 5m | 7m | 6m |
| F53 – F54 | 6m | 5m | 7m | 6m | 8m | 7m |
| F55 – F56 | 7m | 6m | 8m | 7m | 9m | 8m |

| | | |
|---|---|---|
| | F57 – F58 \| 8m \| 7m \| 9m \| 8m \| 10m \| 9m | |
| | Klassifikasie F51 tot F58 verteenwoordig 'n progressiewe verbetering in funksionaliteit van die sittende klas (rolstoelgebonde) en aanpassings tov afstande word gemaak soos die spelers se funksionaliteit verbeter. | Classification F51 to F58 represents a progressive improvement in functionality of the sitting class (wheelchair bound) and adaptations to distances should be made as the functionality of players improves. |
| | | |
| **4** | **AMPUTASIES** | **AMPUTATIONS** |
| | a) As 'n persoon met 'n armamputasie 'n greep op die skei kan kry, sal hy/sy 'n skei kan gooi. | a) As long as the person with arm amputation can have a grip on the skey, he/she will be able to throw the skey. |
| | b) Spelers met enkelbeenamputasies behoort nie probleme te hê of spesiale aanpassings van die normale jukskeireëls aan te vra nie. | b) Players with single-leg amputations should not experience any problems or request any adaptations from the normal rules of jukskei. |
| | c) 'n Persoon met 'n dubbelbeenamputasie mag dalk 'n veldstoel gebruik vanwaar hy die skeie kan gooi. | c) A double-leg amputee might use a field chair to throw from a seated position. |
| | | |
| **5** | **GESIGGESTREMDHEID** | **VISUALLY IMPAIRED** |
| | a) 'n Blinde persoon (B1) speel jukskei soortgelyk aan rolbal vir blindes. | a) The blind person (B1) playing jukskei will play according to the same rules as lawn bowls for the blind. |
| | b) 'n Totale blinde speler sal 'n gids ('roeper') hê wat agter die pen sal staan en dan mondelingse opdragte gee aan die B1 speler. | b) A totally blind player will have a guide ('caller') who will be standing in the pitch behind the peg and will give verbal instructions to the B1 player. |
| | c) Die gidse word ook toegelaat om die B1 speler te posisioneer in die rigting van die spel en mag voortdurend mondelingse instruksies gee. | c) The guide is also allowed to position the B1 player towards the direction of play and may give verbal instructions. |
| | | |
| **6** | **SEREBRALE GESTREMDHEID** | **CEREBRAL PALSY** |
| | a) Jukskei word net vir die C5 – C8 klasse aanbeveel. | a) Jukskei is only recommended for the C5 – C8 classes. |
| | b) Hierdie spelers sal volgens die standaard reëls speel met 'n aanpassing wat afstand betref. | b) These players will play according to the standard rules with an adaptation to the distance. |
| | c) Die Serebraal gestremde sal slegs 'n 1,1 kg skei gebruik | c) The Cerebral palsy player will only use a 1.1 kg skey. |
| | | |
| **7** | **BAAN** | **PITCH** |
| | a) Die gebruik van slegs een sandput in plaas van twee word aanbeveel. | a) The use of only one pitch instead of two is recommended in order to set up the field or 'everyday' chairs. |
| | b) Sodoende kan veld- of gewone stoele geplaas word. | b) The field and ordinary chairs can be put around |
| | c) 'n Stopplank (soortgelyk aan die wat vir gewigstoot en skyfwerp gebruik word) sal op die gooilyn geplaas word om die gewone rolstoel te versterk en te stabiliseer. | c) A stop board (similar to the board used for shot put and discus) will be positioned on the throwing line to secure or stabilize the 'everyday' wheelchair. |

| | | |
|---|---|---|
| | d) Die veldstoel moet agter die stopplank geplaas word. | d) The field chair must be positioned behind the stop board. |
| | e) Alle stoele moet geanker word om stabiliteit te verseker. | e) All chairs have to be anchored to ensure stability. |
| | f) Die ankers mag verby die stopplank strek. | f) The anchors may extend past the stop board. |
| | | |
| **8** | **SAMESTELLING VAN DIE SPAN** | **TEAM COMPOSITION** |
| | Slegs drie spelers in plaas van vier word aanbeveel aangesien dit spel sal bespoedig. | • Three players per team instead of four are recommended as this will speed up the game. |
| | | |
| **9** | **TELLING** | **SCORING** |
| | a) Spelers speel 3 skofte tot by 23. | a) Players play three sets to 23. |
| | b) Gewone telling behoort toegepas te word. | b) Normal scoring should apply. |
| | c) As ’n span spelers het wat fisies meer gestremd is, kan ’n voorgeestelsel geïmplementeer word waar die swakker span met ’n voorgee van 10 punte in ’n skof kan begin. | c) If a team has players who are physically more challenged, a handicapped system can be implemented whereby the weaker team will start with a lead of 10 points in the set. |
| | | |
| **10** | **TYDSDUUR VAN SKOFTE** | **DURATION OF SETS** |
| | ‘n Wedstryd behoort uit die beste van 3 skofte te bestaan. | A game should be the best out of three sets. |
| | | |
| **11** | **WYSIGINGS** | **AMENDMENTS** |
| **11.1** | Wysigings tot hierdie Reglement word deur middel van ’n Beskrywingspunt voor ‘n datum soos bepaal deur die UB van Jukskei SA by die Direkteur Administrasie ingedien sodat die voorstel op die Sakelys van die Algemene Jaarvergadering geplaas kan word. | Amendments to this Regulation shall be submitted through a Motion before a date set by the EC of Jukskei SA to the Director of Administration so that the proposal can be placed on the Agenda of the Annual General Meeting. |
| **11.2** | Na aanvaarding deur die AJV sal die wysigings geïmplementeer word. | After acceptance by the AGM the changes will be implemented. |
| **11.3** | Hierdie Reglement is aanvaar op die Algemene Jaarvergadering van Jukskei SA soos gehou op **22 Julie 2017** te Kroonstad. | This Code was adopted at the Annual General Meeting of Jukskei SA that was held in Kroonstad on **22 July 2017**. |

**JN NEL**
**PRESIDENT JSA**

**D SMIT**
**DIREKTEUR/DIRECTOR**
**ADMINISTRASIE/ADMINISTRATION**